



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 19 Mei – Handeling 11 : 1-18

Stil word en aanbidning: Lees Psalm 148 as 'n gebed. Waarvoor wil jy vandag die Here prys?

Woord: Die apostel Petrus vervul 'n belangrike funksie as oorbruggingsfiguur tussen die "tyd van Jesus" en die "tyd van die kerk" in die eerste aantal hoofstukke van Handeling (1-6, 10-12 en 15). Hy tree op as aanvanklike leier van die apostels en die eerste Christelike geloofsgemeenskap in Jerusalem. Hierdie geloofsgemeenskap in Jerusalem bestaan aanvanklik uit bekeerlinge uit die Jodedom (2:5) en hulle status verwissel volgens Lukas van "verlorenes" (3:26) tot gelowiges (2:44). As hierdie gemeenskap se leier verkondig Petrus 'n eksklusiewe weg na 'n herstelde verhouding met God, langs die weg van die geloof in Jesus Christus. Lees nou Hand. 11:1-18.

Gesprek

1. Probeer om in een sin die kern van hierdie teksgedeelte saam te vat. Vergelyk Hand. 9: 1-18 met Hand. 2: 5-13. Watter ooreenkomste en watter verskille is daar?
2. Verse 1 en 18 omraam hierdie gedeelte met die verwysing na "*mense wat nie Jode is nie*". Probeer julle inleef in hierdie dramatiese keerpunt in die geskiedenis van die vroeë kerk. Probeer die stemming van verse 1-3 verwoord. Beskryf dan daarna ook die stemming en atmosfeer van vers 18.
3. Wanneer Petrus sy optrede verdedig, maak hy daarvan melding dat die gesig wat hy gesien het drie keer uit die hemel voor hom afgespeel het en dat hy eers na die derde keer die betekenis daarvan gesnap het. Soms neem dit vir ons lank om deur God oortuig te raak van Sy plan met ons. Hoe kan ons vandag meer ingestel wees op en 'n fyner aanvoeling vir die leiding van die Gees ontwikkel?
4. God het besluit om die gawe van geloof aan mense te skenk wat nie Jode is nie. Sommige mense sê dat Christene moet wegbly van mense wie se lewe nie Christelike waardes reflekteer nie. Ander sê weer dat dit ons isoleer. Wat dink jy?
5. In beginsel is meeste gemeentes oop vir almal, maar in praktyk is hulle meer verwelkomend teenoor mense wat soos hulle is. Hoe dink julle hieroor? Hoe oop is ons kerk? Voel mense daar tuis? Wat sal dit beteken as ons gemeentes regtig oop is vir almal? Wat moet verander? Wie is die mense in julle omgewing wat nie by julle gemeente welkom voel nie? Wat moet julle anders doen om hulle welkom te laat voel?

Doen dinge : *Jesus verwag van ons minder nastaar (admiration) en meer naleef (imitation).* Praat met die Here oor jou begeertes en vrese op die pad van navolging agter Jesus aan. Waartoe, dink jy, wil die Here jou lei?

Afsluiting: Bely elke oggend en aand 1 Kor. 9:23 se waarheid: "*Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.*" En bid dat God jou sal bly verras en verander!